


“**Omdat Christus dan liggaamlik gely het, moet julle julle ook met die gedagte wapen dat wie liggaamlik gely het, met die sonde afgereken het: vir die res van sy aardse bestaan word sy lewe nie meer beheers deur menslike begeertes nie, maar deur die wil van God.**”

1 Peter 4:1-2 (1983)

Geopende *Deure*

# GEBEDSKALENDER

## FEBRUARIE 2020

---

**1 | WÊRELDWYE LIGGAAM VAN CHRISTUS** Die Liggaam van Christus, beide in geslote en nie-geslote lande, is konstant onder aanval van die Vyand. Bid dat die Liggaam om die wêreld in gebed sal verenig vir mekaar. Kom ons bid vir wysheid, leiding en krag in hierdie nuwe jaar om staande te bly teen Satan en sy planne.

**2 | BANGLADESJ** Dank God vir die nuut-geboude opleidingsentrum waar Geopende Deure-werkers en gelowiges van regoor die land veilig bymekaar kan kom. Bid dat die sentrum, wat in November geopen is ŉ plek sal wees waar die Bangladesji Kerk versterk en toegerus kan word vir God se Koninkryk.

**3 | INDONESIË** Prys die Here dat ons in die laaste paar jaar na verskeie teologiese kolleges en twee kampusse kon uitreik met die *Standing Strong Through the Storm* seminaar. Bid dat deur hierdie lesse hierdie studente hulle eie kerklede sal help om toegerus te wees vir vervolging in die toekoms.

**4 | INDONESIË** Andi,* wat getroud is met twee kinders, het twee jaar gelede opgehou om kerk by te woon. Maar toe ŉ aardbewing verlede jaar getref het en hulle huis vernietig het, het hy weer aktief betrokke geraak by die kerk. Prys God dat hy deur rampe soos hierdie werk. Bid dat Hy sal aanhou om Andi in sy geloof te versterk en dat Hy vir sy familie sal voorsien.

**5 | MALEISIË** ŉ Deelnemer van ons dissipelskapprogram vir jongmense het gedeel dat die storie van die verlore seun haar gehelp het om na te dink oor haar verhouding met haar eie pa. Sy dank God dat dit nie te laat is om te verander hoe sy hom hanteer nie. Bid dat hierdie opleiding baie jongmense in hulle verhoudings sal help.



**6 | INDIË** Christene van landelike areas is dikwels arm en ervaar diskriminasie vir hul geloof, veral wanneer dit kom by werksgeleenthede. Bid vir wysheid vir plaaslike vennote van Geopende Deure namate hulle projekte beplan en uitvoer om vervolgde gelowiges in hul opleiding en indiensneming te ondersteun.

**7 | CHINA** Mark Liu,* is ŉ Chinese sendingwerker wat werksaam is onder Moslems in die verre weste van sy land. Onlangse ontwikkelinge in die area het sy werk uiters bemoeilik en hy kort nou ŉ geldige rede om na die streek te reis om te verhoed dat hy ongewensde aandag trek. Bid vir wysheid en leiding vir Mark in sy werk met Moslems in die land.

**8 | NOORD-KOREA** Geopende Deure help om kos, medisyne en Christelike boeke deur die ondergrondse kerke te voorsien om Noord-Koreaanse gelowiges te help teen verhongering en om geestelik

**NOORD-KOREA vervolg**

te groei. Bid dat Noord-Koreaanse gelowiges nie hoop sal verloor in hierdie moeilike seisoene nie en dat hulle aan God sal vashou. Bid ook vir die veilige aflewering van kos wat vir behoeftiges in die land ingemokkel word.

**9 | NEPAL** In 2019 is talle self-help groepe gevestig om vervolgde gelowiges te help om ŉ manier te vind om as ŉ groep ŉ inkomste te verdien. Hierdie projekte help om vervolgde gelowiges van landelike areas te ondersteun wat sukkel om vir hulle families te voorsien. Bid dat hierde projekte ŉ groot impak in die lewens van hierdie gelowiges sal hê.

**10 | NEPAL** Verlede jaar, is verskeie mense in westelike Nepal gearresteer vanweë die beperkinge op die deel van die Evangelie. Bid dat gelowiges in Nepal wysheid sal hê oor hoe om hul geloof veilig te deel, en vir waagmoed om voort te gaan om die Evangelie te deel.

**11 | KAZAKSTAN** Twee pastore en een van hul se vrouens is skuldig bevind en gevonnis omdat hulle in ander tale gebid het en hande op gemeentelede gelê het, wat toe blykbaar "ernstige skade aan hul gesondheid' aangerig het. Bid dat die hof in Kazakstan hulle van hierdie valse aantygings sal vryspreek.

**12 | PERSIESE GOLF** Geopende Deure se plaaslike vennote doen bedieningswerk op verskeie maniere in kerke en gemeenskappe in die Persiese Golf. Hulle poog om diegene met gawes betrokke te kry en uit te daag om in hul eie gemeenskappe uit te reik met bedieningswerk. Bid dat God ons plaaslike vennote sal help om gelowiges regoor die streek te bereik deur bemoediging, genesing en liefde.

**13 | VIËTNAM** Canh, sy vrou en twee jong dogters is uit hul dorpie verban deur

die dorpshoof omdat hulle geweier het om hulle geloof te versaak. Bid vir God se ingryping in die lewe van Canh en sy familie. Bid dat hulle te midde van die beproewinge, sal aanhou om sterk te staan in hul geloof .

**14 | LAOS** Gelowiges wat stamgebonde is aanvaar Christus maklik, maar hulle keer ook maklik terug na hulle ou voorouer-oortuigings. Baie kom tot geloof deur genesing maar word nie doelbewus dissipel nie, wat lei tot die terugkeer na ou oortuigings. Bid dat hierdie gelowiges werklik die lewende God sal ontmoet, nie as iemand wat slegs genees nie, maar iemand wat groter is as enige van die geeste wat hulle ken.

**15 | MIANMAR** Christenvroue word versterk, bemagtig en opgehef deur Geopende Deure se entrepreneurskaps-opleiding. Bid dat die vroue wat hierdie opleiding bywoon goddelike besigheidsvroue en entrepreneurs sal word. Bid dat die Here hulle besighede sal seën, sodat hulle ŉ sening vir ander kan wees.

**16 | IVOORKUS** Kadiatou is haar man se tweede vrou. Toe hy uitvind dat sy ŉ Christen geword het, het hy haar gedreig en toe geskei. Sy is nou baie kwesbaar. Bid vir wysheid vir haar kerk oor hoe hulle haar moet bystaan en dat sy die Here se voorsiening in al haar behoeftes sal ervaar.

**17| OOS-AFRIKA** Lisa,* en haar man se reputasies word geskend deur kwaadwillige en valse aantygings van owerspel (van Lisa) en toesmering daarvan deur haar man. Die paartjie is tentmakers en hierdie stories het ŉ slegte impak op hulle besigheid en bediening namate die gemeenskap hulle nou vermy. Bid dat die Here die paartjie se geregtigheid sal laat skyn soos die helder oggendlig.

**18 | TSJAD** Toe Djimet (in sy 40's) in 2017 ŉ Christen geword het, moes hy vlug omdat hy geweier het om sy geloof te versaak. Djimet het twee vroue gehad en een het besluit om hom te volg met hul sewe kinders. Die kinders ervaar nou spotterny by die skool. Bid vir die beskerming en veiligheid van sy familie.

**19 | IVOORKUS** Tabitha (20) ervaar doodsdreigemente en beledigings van haar familie omdat sy ŉ Christen is. Sy is in ŉ huwelik geforseer waar sy voortdurende fisiese en psigologiese vervolging van die hele familie moet verduur. Bid vir haar geloof om te groei in hierdie moeilike omstandighede en vir die Here se voorsiening vir haar.

**20 | BHOETAN** Boeddhistiese leiers het ernstige maatreëls getref om Boeddhisme te bevorder en die Boeddhistiese geloof onder jongmense te verdiep, soos om in Engels te preek omdat baie jongmense daarvan hou om in Engels te kommunikeer. Bid vir die Christene in Bhoetan, om te midde van die sterk invloed van Boeddhisme in die land, getrou en sterk in die geloof te bly.



**21 | NIGER** Twee jaar gelede is Peter O. se houtwerkwinkel opsetlik aan die brand gesteek deur sy Moslembure, waarskynlik oor sy geloof en die sukses van sy besigheid. Bid vir wysheid vir Peter namate hy steeds in 'n gemeenskap woon wat nie sy geloof aanvaar nie.

**22 | IRAN** Talle Iranse Christene moet noodgedwonge die land verlaat en asiel in Turkye soek. Nou dat die gesag vir vlugtelingstatus na die Turkse Immigrasiepolisie verskuif is, is Christene bekommerd dat hulle verhoogde bevooroordeling in die proses kan ervaar. Bid vir beskerming vir Christene en dat die proses regverdig sal wees.

**23 | LIBIË** Die jarelange anargie en magstryd het baie lewens geëis en mense in die land het min hoop vir die toekoms, en minderhede soos Christene het onder hierdie omstandighede baie kwesbaar geword. Bid vir die mense in magsposisies in hierdie land – dat God in hulle harte en lewens sal werk om te streef na vrede en stabiliteit in die land.

**24 | SIRIË** Bid vir die mense wat hulle tyd gee om die talle mense in nood in hierdie land by te staan – dat God hulle sal seën en vir hulle in hul nood sal intree sodat hulle kan voortgaan om 'n helpende hand vir die om hulle te wees.

**25 | SIRIË** Verlede jaar was Sirië nie net vasgevang in die voortslepende

**SIRIË vervolg**

burgeroorlog nie, maar ook in 'n oorlog teen Turkye. Bid dat God die vrede in hierdie land sal herstel en dat mense in harmonie met mekaar sal lewe ten spyte van godsdienstige- en etniese verskille.

**26 | IRAK** Prys God vir die wonderlike geleenthede vir mense om die Evangelie met die rondom hulle te deel. Bid dat deur hierdie ontmoetings met die Evangelie, baie mense tot inkeer sal kom en hulle lewens vir Christus sal gee.

**27 | ARABIESE SKIEREILAND** Vrees is 'n hindernis vir die uitbouing van Christus se Kerk in hierdie streek. Die wat dit oorweeg om tot Christenskap te bekeer, is bevrees oor die nagevolge as hulle Christus begin volg. Hulle leef ook met die vrees dat onder dwang ander Christene hulle sal verraai. Bid dat die binding van vrees gebreek sal word sodat die Kerk in hierdie streek kan floreer.

**28 | JEMEN** Die voortslepende oorlog in Jemen plaas aanhoudende beperkinge op ons broers en susters, te midde van al die ander beproewinge. Bid dat God vir ons broers en susters in hierdie land verandering, vrede en toegang tot voedsel en gesondheidsorg sal bring.

**29 | GEOPENDE DEURE** Jaarliks, soos wat die aantal vervolgde Christene vermeerder, vermeerder die behoeftes van die vervolgde Kerk. Bid dat God nie net vir ons wysheid sal gee om ons broers en susters te dien nie, maar dat Hy ons ook sal help om in die stygende behoeftes te voorsien.

*Name verander en verteenwoordige foto's gebruik vir sekuriteitsredes.

Vervolg Maar nooit alleen.

Geopende Deure
Diens aan vervolgde **Christene** wêreldwyd

Open Doors South Africa

www.opendoors.org.za
Posbus 1771, Cresta, 2118
T +27 11 888 9341
E southafrica@od.org